



**Kingswood College
Departement Afrikaans**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
GRAAD 12**

VRAESTEL 2

Eksaminator: Mnr. D. Koen
Moderators: Mnr. T. Scholtz
Me. M. Muller
Me. T. Bakkes

Tyd: 2½ UUR
Totaal: [100]
Mei 2015

Leeruitkomst en Assesseringstandaarde:

LU 2 (AS'e 2.1, 2.2, 2.4.), LU 3 (AS'e 3.1, 3.2, 3.3), LU 4 (AS'e 4.3, 4.4)

INSTRUKSIES

1. Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye. **Afdeling A (60 punte)** fokus op die voorgeskrewe roman en **Afdeling B (40 punte)** op funksionele skryfwerk.
2. Lees die vraestel deur voor jy die vrae beantwoord.
3. Beantwoord alle vrae in **Afrikaans**.
4. **Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.**
5. Trek 'n **kantlyn** aan die **REGTERKANT** van elke antwoordblad.
6. Nommer jou antwoorde presies soos dit op die vraestel verskyn.
7. **Skryf netjies** en leesbaar.
8. Goeie taalgebruik en spelling sal in jou guns tel.
9. Sterkte en lekker skryf!


Afdeling A

Vraag 1 - Kontekstuele vrae

Lees die onderstaande aanhaling noukeurig deur en beantwoord die daaropvolgende vrae soos versoek. (Maak seker dat jy die vrae volledig beantwoord!)

Willem sit vroeg al op die stoeptrappie met 'n beker koffie in sy hand en kyk uit oor die tuin. Dis nog koud, baie koud, al is dit 1 September. Lentedag. Dié dag. Hulle gaan Johannesburg toe vir die onderhoud.”

(2010:182)



- 1.1. Wat het Hans van Vuuren vir die onderhoud aangetrek? (2)
- 1.2. By wie het Hans die lelike baadjie gekry wat hy na die onderhoud aangetrek het? (1)
- 1.3. Verduidelik hoekom Elmarie en Lydia nie saam na die onderhoud kon gaan nie. (1)
- 1.4. Waarom moes Coenie die bakkie bestuur? Verduidelik. (1)
- 1.5. Wie was die “middelpunt van die aandag”? Verduidelik waarom die persoon so ‘gewild’ was. (2)
- 1.6. Wat het die meisie oor Hans gesê wat Willem baie kwaad gemaak het? (1)
- 1.7. Met watter plan het Willem vorendag gekom om van bogenoemde persoon ‘ontslae’ te raak? (1)
- 1.8. Watter belofte het Franna aan Willem gemaak indien hy van bogenoemde persoon ‘ontslae’ sou raak? (1)

(Blaai asseblief om)

Bladsy | 2

- 1.9. Watter DRIE goeie eienskappe het Willem aan die beoordelaars oor sy pa genoem? (3)
- 1.10. Wanneer word die wenner van die Pa van die Jaar-kompetisie aangekondig? (1)
- 1.11. Waarom wil die seuns so graag die eerste prys in die kompetisie wen? (1)


[15]

=====

Vraag 2 - Dialoog

Voltooi die onderstaande gesprek tussen Willem en Juffrou Blom.

Let wel! Jou antwoorde moet **gedetailleerd** wees.



Juffrou Blom: “Middag, Willem. Ek hoor daar was ’n rooftog by jou pa se slaghuis. Vertel vir my hoe die twee rowers gelyk het.”

2.1. Willem: “. . .” (2)

Juffrou Blom: “Wat het jy en Alesea die oggend voor die rooftog geëet?”

2.2. Willem: “. . .” ($\frac{1}{2} + \frac{1}{2}$)

Juffrou Blom: “Watter wenke het Alesea jou gegee om jou met jou Wiskunde te help?.”

2.3. Willem: “. . .” (2)

Juffrou Blom: “Hoekom was die slaghuis daardie dag so besig?”

2.4. Willem: “. . .” (1)

Juffrou Blom: “Hoekom het een van die rowers jou pa geskiet?”

2.5. Willem: “. . .” (1)

(Blaai asseblief om)

Bladsy | 3

Juffrou Blom: “Wie het eerste op die toneel opgedaag nadat die rowers gevlug het?”

2.6. Willem: “. . .” (1)

Juffrou Blom: “Wat het die verpleegster vir jou by die hospitaal gegee?”

2.7. Willem: “. . .” (1)

Juffrou Blom: “By wie het Lydia gebly toe jou ma julle by die hospitaal kom haal het?”

2.8. Willem: “. . .” (1)

[10]

=====

Vraag 3 - Paragraafvraag

Hans van Vuuren het drie seuns. Hul verhouding is soms gespanne, maar met tye ook goed. Skryf 'n paragraaf van **180-200 woorde** waarin jy op die **verhouding tussen Hans en sy drie seuns** fokus. Skryf jou woordtelling aan die einde van jou paragraaf.



- Waaroor het Hans met Willem gepraat nadat sy ma sy kamer skoongemaak het? (1)
- Hoe het Hans vir Willem gestraf nadat hy vir Franna met 'n broodrolletjie gegooi het? (1)
- Hoekom moet die seuns Saterdag vir Hans in die slaghuis werk? (1)
- Waaroor het Hans met Franna geraas terwyl hulle een aand aandete geëet het? (1)
- Wat **presies** was Hans se reaksie toe Franna hom vertel het dat hy nie meer rugby wil speel nie? (2)
- Hoe het Hans sy seuns bedank toe hy uitvind dat hulle hom vir die Pa van die Jaar-kompetisie ingeskryf het? (1)
- Waaroor moes Hans met Willem praat nadat Lydia die bruin koevert vir Elmarie gewys het? (1)
- Hoe het Hans sy seuns se lewens tydens die rooftog gered? (1)
- Watter verjaardaggeskenk het die seuns vir Hans gegee? (1)
- Wat was Hans se reaksie toe Willem hom vertel dat hy nie meer rugby gaan speel nie? (1)
- Watter geskenk het Hans vir **Coenie** en **Willem** na afloop van die rooftog gekoop? (2)
- Het Hans se verhouding met sy seuns aan die einde van die roman verbeter? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

[15]

=====

(Blaai asseblief om)

Vraag 4 - Opstelvraag

Kuns is een van die belangrike temas in die roman. Skryf 'n opstel (250-300 woorde) waarin jy die rol van kuns binne die konteks van die roman bespreek. Onthou om 'n inleiding en slot te skryf. **MOENIE DIE VRAAG IN PUNTVORM BEANTWOORD NIE!**

Die begin...

- Verduidelik **waarom** Hans en Willem met mnr. Van Rensburg moes gaan praat. (1)
- Wat het mnr. Van Rensburg **vir Willem** tydens die ontmoeting **gevra**? (1)
- Wat was **Willem se antwoord** op mnr. Van Rensburg se vraag? (1)
- **Hoekom** het Willem bogenoemde antwoord gegee? **Waar** het hy die idee gekry? (**Wees baie spesifiek!**) (2)
- Watter **voorstel** het mnr. Van Rensburg gemaak? (1)

Die nuwe onderwyseres...

- Wat is die nuwe kunsonderwyseres se **naam**? (1)
- Watter ander **vak** gaan sy ook onderrig? (1)
- Watter **kunstenaar** is hierdie onderwyseres se gunsteling? (1)



KUNS

Die kunsklas...

- **Hoeveel** leerders neem Kuns as vak? (Willem ingesluit) (1)
- Watter twee seuns (behalwe Willem) neem Kuns as vak? (2)
- Wat het Willem tydens sy eerste Kuns prakties geteken? (1)

Willem as kunstenaar...

- Wat was die **TEMA** van Willem se kunswerk vir die kompetisie? (1)
- Wie het Willem se kunswerk namens oupa Willem gekoop? (1)
- Wie is Willem se gunsteling kunstenaar? (1)

(16 feite + 4 taal & styl = 20)

Onthou om jou woordtelling aan die einde van jou opstel aan te dui!

Totaal Afdeling A: [60]

(Blaai asseblief om)

Afdeling B - Funksionele skryfwerk

INSTRUKSIES

1. Beantwoord **ALBEI** vrae in hierdie afdeling.
2. Elke vraag moet op 'n nuwe bladsy gedoen word.
3. Beplan jou antwoorde eers deeglik voordat jy jou finale antwoord neerskryf.
4. Skryf die vraagnommer bo-aan jou finale antwoord, bv. VRAAG 5.

5. **ASSESSERING**

Tydens die assessering van hierdie afdeling sal na die volgende gekyk word:

- kennis van vereistes van skryftaak
- interpretasie van opdrag
- inhoud en idees
- register en toon
- beplanning

6. Goeie taalgebruik en spelling is 'n vereiste.
7. Skryf asseblief netjies en leesbaar.

=====

Vraag 1 - E-pos

Verbeel jouself jy is juffrou Blom. Jy het sopas uitgevind dat jy gekies is om as mede-afrigter Suid-Afrika se vroue-Springbokrugbyspan te help afrig.

Skryf 'n e-pos van **150-200 woorde** aan mnr. Van Rensburg waarin jy hom inlig dat jy weens jou aanstelling die skool gaan verlaat. Bedank mnr. Van Rensburg vir al die geleenthede wat die skool jou as onderwyser gebied het. Mnr. Van Rensburg se e-posadres is vanrensborg@akademie.co.za.

NB: Onthou om die korrekte formaat te gebruik.

Voorbeeld:

E-posadres	
Onderwerp	



[30]

=====

(Blaai asseblief om...)

Vraag 2 - Dagboekinskrywing

Aan die einde van die roman voel dit vir Willem asof hy die kruin van Kilimandjaro bereik het.

Verbeel jousef jy is **Willem**. Skryf 'n dagboekinskrywing (50-80 woorde) en sê waarom jy so positief oor al die gebeure in jou lewe voel.

NB: Onthou om die korrekte formaat te gebruik.



[10]

Totaal Afdeling B: [40]

=====

GROOTTOTAAL: [100]

NB: Lees weer deur jou vrae en antwoorde indien jy tyd tot jou beskikking het.